# HERKEN SY STEM EN DOEN WAT HY VRA  1 Samuel 3

In hierdie hoofstuk word verskillende prentjies /portrette van Samuel vir ons opgehang. Dalk herken jy jouself in een van hulle!

1. OM GOD SE STEM MET 'N MENS S'N TE VERWAR

Ons is tans in die tyd tussen Epifanie en Lydenstyd. Epifanie beteken verskyning of openbaarmaking. Afgesien van Jesus se geboorte,  lees ons meermale in die Bybel dat God aan mense verskyn het. 'n Paar Sondae gelede het ons byvoorbeeld aandag gegee aan Jesus se verskyning aan Paulus oppad na Damaskus.

Maar gebeur dit vandag nog? Het die Here al aan JOU  verskyn? Baie sal dalk sê nee en sal spyt wees daaroor. Tog is dit meestal nie waar nie, maar herken ons net nie vir God nie. Hy verskyn wel vandag nog aan mense, maar dan kyk hulle dit mis. Hulle dink dit is maar die verloop van die lewe/ toeval/ noodlot/ my geluk/ ingewing wat ek gekry het. Jy bring met ander woorde nie dit wat jy ervaar met God in verband nie. Nou, dit is tipies van **sekularisme**. Ons het seker almal al die woord gehoor, maar wat bedoel ons daarmee? Wat bedoel ons byvoorbeeld as ons praat van die sekulêre wêreld of 'n sekulêre beroep?

In die sekularisme is die aardse werklikheid al wat tel. Dit steur hom nie aan 'n bo-aardse werklikheid soos 'n hemel of hemelse wesens of God nie. In so 'n beskouing is daar natuurlik ook nie plek vir 'n bo-aardse verskyning, 'n verskyning van God, 'n epifanie nie. Alles kan logies en rasioneel, met die verstand verklaar en uitgeredeneer word. Wat nie so verklaar kan word nie, word verwerp. Hulle sê dit is verbeelding of sprokies of 'n afwyking - **Herman van Veen**: *"Waarom, wanneer 'n mens met  God praat, noem ons dit gebed, maar as God met 'n mens praat, noem ons dit 'n psigose?"* (sielkundige afwyking). As **Samuel** 'n sekularis was, sou hy hom dus nie aan Eli se raad gesteur het nie. Maar dan sou hy natuurlik ook nie in die tempel gewerk het nie!

Of is dit tog moontlik? Eli se twee seuns, **Hofni en Pinehas**, het tog ook in die tempel gewerk en daar grootgeword. Hulle het gedurig die ark daar sien staan en snags die vlam sien brand as tekens van God se teenwoordigheid. Moontlik het hulle net so gewoond geraak daaraan dat hierdie dinge vir  hulle hul teken-karakter verloor het. Dit was vir hulle doodgewone, alledaagse goed en nie tekens van iets bo aards, bonatuurliks nie. Daarom kon hulle voortgaan met hulle lewe asof God nie teenwoordig is nie. Hfst 2:12 sê *"hulle het nie met die Here rekening gehou nie."*

Maar met **Samuel** was dit nie die geval nie. Hy het maar nog net nie die Here se stem geken nie, want die Here het nog nie vantevore met Hom gepraat nie. Daarom het hy dit verwar met 'n mens se stem.

<u>Is dit waar jy jou op die oomblik bevind?</u>

Met **Jesus** se verskyning, het baie mense Hom ook nie as die Stem van God herken nie. Soos Johannes skryf: *"- die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die die wêrled Hom nie erken nie."* (1:10) Hulle het vir mekaar gesê: *"Is Hy nie die seun van Josef en Maria nie?"* Hulle het gevra: *"Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?"* Op die ou end was DIT die klag waarom hulle Hom gekruisig het – omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God en dus self God was. Hy was volgens hulle maar net 'n mens wat godslasterlik gepraat het – die stem van Eli wat voorgegee het dat Hy die stem van God was! Hulle oë was blind en hul ore doof vir hierdie verskyning van God.

Ongelukkig gebeur dit vandag na die opstanding van die Here Jesus nog steeds dat mense beweer dat Jesus maar net 'n mens en nie ook God was nie.

Dit gebeur ook waar mense **die Bybel** beskou as mensetaal en nie God se Woord in mensetaal nie. God verskyn aan ons in die bladsye van die Bybel, maar nie almal lees dit so en luister so daarna nie. Hulle dink dis maar Eli wat roep, of Moses, of Dawid, of Paulus… Hulle herken en erken nie God se stem nie. Hulle lees en beoordeel die Bybel soos 'n storieboek, 'n roman, of 'n geskiedenisboek.
God verskyn op baie maniere en plekke aan mense. As ons net reg ingestel is, sal ons dit raaksien en hoor. Na regte is daar nie so iets as die sekulêre wêreld of 'n sekulêre beroep nie, want God is oral. Hy kan dus op enige plek aan 'n mens verskyn.
Ja, soms het ons ook "Eli's" nodig om vir ons te help om God se stem te herken.

2. OM GOD SE STEM TE HERKEN

Wat sou alles deur **Samuel se kop** gegaan het nadat hy vir die derde keer in die bed geklim het? Het hy dalk gehoop die stem wil liewer nie weer roep nie omdat hy bang was vir God? Of: Was hy opgewonde soos iemand wat uiteindelik sy/haar held gaan ontmoet? Was hy onseker soos iemand voor 'n belangrike onderhoud?
Met watter verwagting, indien enige, het u vandag hierheen gekom? Was jy opgewonde daaroor dat God jou iewers in die erediens gaan ontmoet? Dit is tog wat **'n erediens** is: 'n ontmoeting van God met sy gemeente! Soos die ark en die brandende lamp vir Hofni en Pinehas, kan die Bybel en die doop en die nagmaal en die erediens en die kruisie om my nek en die armbandjie om my pols egter vir ons ook gewoon en alledaags word. Dis maar net nog 'n afspraak … plig … boek … versiering!
Die **tweede portret** van Samuel is *waar hy God se stem herken en die boodskap ontvang.* Dit is **harde woorde**, nie wat hy graag sou wou gehoor het nie. God bevestig net weer wat hy vantevore al aan Eli bekend gemaak het. Eli het self nie aan die wanpraktyke van sy seuns deelgeneem nie, maar hy het hulle nie bestraf soos wat hy as vader en priester behoort te gedoen het nie. Hy het hom skuldig gemaak aan die sonde van versuim.
**God** verskyn hier in sy toorn oor die sonde en die omgee vir Sy volk. Liefde sluit nie toorn en straf uit nie. Dit was ter wille van sy eer, maar ook ter wille van die volk wat Hy opgetree het. **Hofni en Pinehas** was besig om hulleself te verryk en geen goeie voorbeeld te stel nie. Hulle sou die volk oor die afgrond lei as hulle nie gekeer word nie. Die tyd vir mooipraatjies was verby en drastiese stappe was nou nodig.
Die **Here Jesus** het vir ons kom vertel en wys dat God liefde is, maar dit het nie uitgesluit dat Hy sterk uitgevaar het teen die manier waarop die fariseërs hulle godsdiens beoefen en hul medemense behandel het nie. Uit omgee het Hy die goddelose gewaarsku teen die oordeel wat wag as hulle hul nie bekeer nie. Sy koms het 'n lig en 'n donker kant. *"Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie."* (Joh 3:18) As Jesus sê *"Ek is die weg ... niemand kom na die vader behalwe deur My nie,"* dan is dit goeie nuus vir hulle wat dit glo en Hom volg, maar vir die ander wat ander paaie volg, is dit slegte nuus – daar is geen ander weg na die Vader nie. Die evangelie, wat goeie nuus beteken, kan dus vir iemand slegte nuus wees as hy/sy dit nie glo en hom/haar bekeer nie. God is 'n regverdige God en daarom moet Hy die sonde straf. Ons is bly dat Hy regverdig is – en dat Christus die straf in ons plek gedra het!

3. OM BANG TE WEES OM TE GETUIG

Die **derde portret** van Samuel is een waar hy *te bang is om oor te vertel* wat hy by God gehoor het. Ons kan dit so goed verstaan. Hy was maar nog 'n bogkind en nou moet hy 'n vermanende boodskap aan die hoogs bejaarde Eli vir wie hy en almal soveel respek gehad het, gaan oordra. Hy was bang – miskien om hom seer te maak, miskien vir Eli se reaksie. Sê-nou maar Eli raak woedend, of beskuldig hom dat hy net jaloers is, of raak verbitterd? Hy kon hom dalk wegjaag, in die pad steek!
Die Here het toe Hy **Jeremia** as profeet geroep het vir hom gesê: "Jy moenie sê 'Ek is te jonk' nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ookal stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê. Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red." (1:7)
**Dalk is dit waar jy vandag is**: Jy is huiwerig om God se boodskap te gaan oordra. Jy is bang om te getuig. Eli het nie sy seuns bestraf toe hulle dit nodig gehad het nie. Hy was dalk ook te bang hulle kon aanstoot neem en hom verwerp. Nou was hy spyt, maar dit was te laat. Daar is ook so iets as "tough love".
Spreuke 27:6 *"Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene."*
Miskien gebeur daar onwettighede by die werk – korrupsie, diefstal, bedrog, valse beskuldigings. Jy weet wat Jesus sou gedoen het as Hy in jou plek was. Vra sy krag en doen dit.

4. OM GOD SE BOODSKAP OOR TE DRA

Mense het vandag baie behoefte aan troos en bemoediging en die evangelie is vol daarvan. Dit is egter nie die **volle evangelie** nie. Soms moet ons ook vermaan en waarsku. Solank ons net nie vergeet die opdrag kom van 'n God van liefde wat dit goed bedoel en nog altyd die sondaar liefhet nie. Ons woorde moet dus *in liefde* wees, om *op te bou* en nie af te breek nie.
En ons moet natuurlik ook **nederig** en bereid wees om self teregwysing te ontvang. *"Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van dié pad af."* (10:17) *"Wie op 'n teregwysing ag slaan, sal lewe en 'n tuiste vind tussen mense wat wysheid het."* (15:31)
Ek is seker dit is hoedat **Samuel** die boodskap oorgedra het – nie neerbuigend, uit die hoogte, selfvoldaan nie.
<u>Is DIT dalk die portret van JOU lewe</u>?

**Eli** is vir ons almal '**n voorbeeld van verootmoediging**. Sy reaksie was: *"Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil."* (:18) Geen poging tot verontskuldiging, selfbejammering, bitterheid of verwyte nie. Hy het God goed genoeg geken om volle vertroue in Sy oordeel te hê.

SLOT
In **watter portret** van Samuel herken jy jou vanmôre? Ons word geroep om nie net God se stem **te herken** nie, maar ook **te luister** en **te doen** wat dit van ons vra.
Amen
18/01/09